

Submission 51

**Spekulatiewe fiksie, toekomsromans en toekomspoësie in Afrikaans en Nederlands**

Carmi Britz, [Lenelle Foster](#)

*Stellenbosch Universiteit, Stellenbosch, Zuid-Afrika*

**Spekulatiewe fiksie, toekomsromans en toekomspoësie in Afrikaans en Nederlands**

Letterkunde wat in die toekoms afspeel, beeld 'n verskeidenheid moontlike toekomste uit en lewer sodoende literêre kommentaar op hedendaagse politieke, maatskaplike en/of omgewingsvrese. Die toekomste is soms die gevolg van 'n apokaliptiese gebeurtenis en is dikwels nagmerrieagtig, distopies. Hierdie paneel beoog om literêre toekomste te bespreek soos dit in Afrikaanse en Nederlandse letterkunde gerepresenteer word.

Twee opkomende navorsers uit Suid-Afrika wil graag met 'n derde opkomende navorsers uit die globale Noorde saamwerk om die toekomsgerigte literêre produkte in die Afrikaanse en Nederlandse taalsisteme te vergelyk. Die twee lesings wat ons voorstel, wantel om die volgende kwessies:

**Die karteringsmoontlikhede van verhaallyne**

'n Kartografiese analise van 'n literêre distopie belig die teks op 'n ander manier as tradisionele stiplees deur ruimte en die verhouding tussen werklike en verbeelde of geskepte ruimte in die teks te ondersoek. Dit bied ook die geleentheid om die verhouding tussen die paratekstuele uitbeelding van die ruimte, byvoorbeeld op 'n kaart of boekomslag, en die uitbeelding van die ruimte in die narratief self te ondersoek.

**Omgewingsverval en sosio-politieke veranderinge**

Mag en ruimte is dikwels verwickeld, veral in die subgenre van klimaatfiksie (klifi). Met 'n wêreld wat grotendeels deur menslike daade verwoes is, moet die oorlewendes noodgedwonge aanpassings maak om in die woesteny te oorleef. Dit is egter nie 'n fait accompli dat die aanpassings werklik op veranderinge in magsverhoudinge en sosio-politieke idees en strukture uitloop nie.

Ons vra graag om voorstelle vir 'n derde lesing vir die paneel, verkieslik deur 'n opkomende navorsers. Moontlike tematiese en analitiese invalshoeke sluit in:

- Die impak van die geopolitiek
- Magsvergrype, magsverlies en die ondermyning en behoud van outonomie
- Die verwoesting van die natuur
- Die verhouding met tegnologie en die tegnokrasie
- Die behoud van (mede)menslikheid